


ATKV-Drakensville Visvangtoer - Sterkfonteindam

21-26 Februarie 2027 | Vrystaat, Suid-Afrika

Vir die eerste keer bied ATKV-Drakensville 'n visvangtoer aan wat sal plaasvind vanaf 21 tot 26 Februarie 2027.

Die visvangtoer bied aan sporthengelaars die geleentheid om oor 'n tydperk van vier dae hul vernuf te toets, en ook dan te kan wys wie stap as die tophengelaar weg. Ons hengeldae vir die tydperk sal plaasvind by die Sterkfonteindam, wat wêreldwyd bekend is vir sy helder water en boonop ook 'n paradys is vir oewerhengelaars wat spesifiek agter die dapper kleinbekgeelvis aan is.
Groot pryse is op die spel en talle uitstallers sal tydens die geleentheid hul produkte ten toon stel, demonstreer en praatjies daaroor lewer.

**AMPTELIKE KOMPETISIEREËLS (vang en vrylaat)**

Hier is 'n verkorte, basiese stel reëls vir die visvangkompetisie. Aangesien nasionale en provinsiale reëls nie geld nie, is hierdie riglyne gefokus op algemene oewerhengel, etiek en die beskerming van die dam se unieke visbevolking en pragtige natuurskoon. Die spanne bestaan uit twee hengelaars per span.

**Hengelgerei en aas**

- Stokke: Deelnemers mag gelyktydig met 'n maksimum van twee stokke per persoon hengel.
- Hoeke: Slegs twee enkelhoeke per strop word toegelaat.
- Verbode toestelle: Geen voerbote, hommeltuie (*drones*) of elektroniese toestelle wat die aas wegvoer is toelaatbaar nie.
- Aasbeperking: Geen platannas (lewendig of dood) mag as aas gebruik word nie. Kunsaas is verbode.

**Kategorieë van beoordeling**

| **Maandag** | **Dinsdag** | **Woensdag** | **Donderdag** |
|---|---|---|---|
| Swaarste geelvis x 1 | Swaarste geelvis x 1 | Swaarste geelvis x 1 | Swaarste geelvis x 1 |
| Swaarste karp x 5 | Swaarste karp x 5 | Swaarste karp x 5 | Swaarste karp x 5 |
| Swaarste baber x 5 | Swaarste baber x 5 | Swaarste baber x 5 | Swaarste baber x 5 |

**Pryse**

Swaarste totale geelvisvangs oor vier dae: Spanprys (lewendig in die geelvisnet, bewaar en suksesvol ná inweeg vrylaat)
Swaarste geelvis oor vier dae: Individuele prys (lewendig in die geelvisnet, bewaar en suksesvol ná inweeg vrylaat)
Swaarste totale karpvangs oor vier dae: Spanprys
Swaarste karp oor vier dae: Individuele prys
Swaarste baber oor vier dae: Individuele prys
Swaarste babervangs oor vier dae: Spanprys

**Weegbare vis**

- Spesies: Kleinbekgeelvis, karp en baber
- Grootbekgeelvis: Ter wille van bewaring mag geen grootbekgeelvis geweeg word nie en moet grootbekgeelvisse dadelik lewendig vrygelaat word.
- Slegs een van die grootste kleinbekgeelvisse word per dag geweeg. Deurentyd moet daar self geweeg word om voor sluitingstyd te bepaal watter geelvis geweeg gaan word.

**Visbewaring en -hantering**

- Hounette: Alle vis moet lewendig gehou word in toepaslike, doelgemaakte hounette wat diep genoeg in die water geplaas is.
- Geelvisnet: Kleinbekgeelvisse moet in ’n afsonderlike, unieke hounet gehou word om skade aan die vis te voorkom.
- Hantering: Vis mag nie op die droë grond of klippe gesleep of neergesit word nie. Gebruik ’n skepnet om die vis te land.

**Kompetisietye en oewerbeheer**

- Hengelperiodes: Hengel vind slegs bedags vanaf 07:00-15:00 plaas. Slegs een inweegsessie word uitgevoer en sal daagliks om 15:00 plaasvind.
- Daar sal vier sones oor die vier dae uitgemeet word en elke dag word spanne geskuif sodat spanne oor die vier dae in verskillende sones hengel.
- Weerlig: In die geval van donderstorms of weerliggevaar moet hengel onmiddellik gestaak word.
- Omgewing: Geen rommel of ou vislyn mag op die oewer agtergelaat word nie. Elke hengelaar moet sy eie area skoonhou.
- Die gebruik van drank en speel van musiek word beperk. Sou daar enige klagtes ontvang word waar ander hengelaars se privaatheid nie gerespekteer word nie, kan die organiseringskomitee besluit om die span te diskwalifiseer. Neem dus asseblief ander hengelaars in ag, ook met betrekking tot taalgebruik.
- Dra ten alle tye toepaslike klere en toe skoene.

**Program**

**Sondag 21 Februarie 2027**

18:00: Registrasie met *goodie bags*: Bring-en-braai by Sentinel-saal. Oord verskaf die bykosse. Kontantkroeg beskikbaar.

**Maandag 22 Februarie 2027**

06:00: Hekke by Sterkfonteindam open. Hengel tot 15:00. Inweeg direk daarna.
19:00: Borgedemonstrasie en werkswinkels.

**Dinsdag 23 Februarie 2027**

06:00: Hekke by Sterkfonteindam open. Hengel tot 15:00. Inweeg direk daarna.
18:00: Knipmes-skaapbraai met gaskunstenaar by Admiraal.

**Woensdag 24 Februarie 2027**

06:00: Hekke by Sterkfonteindam open. Hengel tot 15:00. Inweeg direk daarna.
19:00: Borgedemonstrasie en werkswinkels.

**Donderdag 25 Februarie 2027**

06:00: Hekke by Sterkfonteindam open. Hengel tot 15:00. Inweeg direk daarna.
18:00: Prysuitdeling, ete en gaskunstenaar by Sentinel-saal. Kontantkroeg beskikbaar.

**Inskrywingsgeld en akkommodasie**

Akkommodasie word deur uself volgens u behoefte bespreek. Sien die onderstaande pryslys en kontakbesonderhede.

Inskrywingsfooie, visvangbaadjie, *goodie bag*, daaglikse dam-ingangsfooie, kunstenaars en etes per persoon - R2 100 p.p.

Alle deelnemers ontvang pryse tydens die prysuitdeling.

**Akkommodasie-opsies (tarief 3, weektarief)**

## ATKV DRAKENSVILLE

RATES FROM MAR. '27 TO FEB. '28
STANDARD

Resorts DRAKENSVILLE – YOUR VACATION INSPIRATION

*Seasonal reservations:*
For the April holidays and Easter weekend – 15 August
For the July holidays – any time
For the September holidays – any time
For the December holidays – 15 November

Day Visitors: Policies are in place, and certain restrictions apply. Please contact reception for rates and rules. Bookings must be made in advance, subject to availability.

Vehicles: One vehicle is included in the rate. Additional vehicles can be arranged at an extra cost.

Conference rates are available on request. | The rates below are charged per night. | Rates are subject to change without prior notice.

| UNITS | RATE 1 | RATE 2 | RATE 3 | |
|---|---|---|---|---|
| Accommodation | Per night | Per night | Weekend (pernight) | Week (per night) |
| B&B (Double: per person) | 1095 | 1005 | 770 | 700 |
| B&B (Single: per person) | 1670 | 1490 | 1020 | 880 |
| 2 Sleeper Fla | 2050 | 1670 | 1410 | 1105 |
| 2 Sleeper Flat (2 single beds) | 2050 | 1670 | 1410 | 1105 |
| 4 Sleeper Bergsig Cottage | 3355 | 2790 | 1675 | 1350 |
| 4 Sleeper Cottage | 3890 | 2885 | 2030 | 1645 |
| 4 Sleeper House | 3090 | 2225 | 1510 | 1175 |
| 6 Sleeper House (Standard) | 4355 | 3240 | 2215 | 1580 |
| 6 Sleeper House (Upgraded) | 4505 | 3405 | 2395 | 1775 |
| Bergsig-24 sleeper unit with a lapa | 9585 | 9035 | 8500 | 6940 |
| Camping (per night) | Per night | Per night | Weekend (pernight) | Week (per night) |
| Camping / stand (6 persons) | 1345 | 780 | 440 | 320 |




T: 036 438 6287 | DRAKENSVILLE@ATKV.ORG.ZA | WWW.DRAKENSVILLE.CO.ZA

ATKV

**ATKV-DRAKENSVILLE: VRYWARINGSVORM**

**VISVANGTOER – FEBRUARIE 2027**

1. Ek verstaan dat die personeel van die ATKV asook ander betrokkenes alle redelike voorsorg sal tref vir die veiligheid en welsyn van myself asook my gesin/my kind;

2. Die oord waar die 2027-visvangtoer aangebied word se reëls sal ten volle nagekom word;

3. Die 2027-visvangtoer se reëls en reëlings is aan my verskaf en sal ten volle nagekom word;

4. Die bepalings hiervan is geldig vir die volle duur van die 2027-visvangtoer.

5. Indien die persoon onder die ouderdom van 18 jaar is, moet die vorm deur die ouer/voog geteken word.

6. Indien daar enige onduidelikhede mag bestaan, kan Ferdi Pieterse (oordbestuurder) by ATKV-Drakensville gekontak word om uitklaring en verduideliking te verskaf. Die uitklaring sluit in die vrywaringsvorm en die 2027-visvangtoer se reëls in, maar is nie beperk daartoe nie.

Hiermee sertifiseer ek, die ondergetekende, of ouer en/of voog van ____________________________

dat ek bogenoemde gelees en verstaan het en ook dat alle riglyne en risiko's aan my uitgelig is en geleentheid gebied is vir die uitklaring en verduideliking daarvan. Ek aanvaar dat daar gevaar mag wees en dat ek/my kind die 2027-visvangtoer op eie risiko onderneem.

Verder vrywaar ek die ATKV, direkteure, bestuurders, personeel en/of helpers teen enige eise wat mag voortspruit uit siekte, dood en beserings van watter aard ook al opgedoen as gevolg van of tydens die 2027-visvangtoer terwyl ek asook my gesin/my kind die 2027-visvangtoer van die ATKV bywoon.

GETEKEN TE ___________________ OP HIERDIE ___ DAG VAN ___________ 2027.

____________________________________________

**Handtekening van vrywaarder/wettige ouer of voog**

**ID-nommer**_________________________________

**Bylaag A: Mediese besonderhede**

**Bylaag B: Foto's en inligting**

**Bylaag A: 2027-visvangtoer**

**Mediese besonderhede**

1. Ek verstaan dat ek verantwoordelik gehou gaan word vir enige en alle mediese rekeninge (insluitend vervoerkoste na die dokter) en/of hospitalisasiekoste (indien van toepassing) in die geval van siekte, besering of dood van my kind;

2. Ek dra my magte as ouer/voog oor na die bestuur van die oord as mediese behandeling/hospitalisasie of chirurgiese prosedures nodig is vir my kind;

3. Ek versoek dat die persoon wat verantwoordelik is vir my kind kennis moet neem van die volgende: (noem asseblief enige aspekte waarvan die bestuur van die oord bewus moet wees, bv. allergieë ens.)

_______________________________________________________

_______________________________________________________

4. Die volgende inligting is belangrik in die geval van mediese behandeling of hospitalisasie:

Naam van mediese skema: ______________________

Lidnommer: ______________________

Naam van werkgewer: ______________________

Adres van werkgewer: ______________________

Telefoonnommers: Huis: ____________________

Werk: ___________________

Sel: ____________________

E-posadres: ___________________

Hiermee sertifiseer ek, die ondergetekende ouer en/of voog van _________________________ ,

dat ek bogenoemde gelees en verstaan het en ook dat alle riglyne en risiko's aan my uitgelig is en geleentheid gebied is vir die uitklaring en verduideliking daarvan. Ek aanvaar dat daar gevaar mag wees en dat my kind hierdie toer op eie risiko onderneem.

Verder vrywaar ek die ATKV, direkteure, bestuurders, personeel en/of helpers teen enige eise wat mag voortspruit uit siekte, dood en beserings van watter aard ook al opgedoen as gevolg van of tydens die 2027-visvangtoer terwyl my kind die 2027-visvangtoer van die ATKV bywoon.

GETEKEN IN __________________ OP HIERDIE ___ DAG VAN __________ 2027.

_________________________________________

**Handtekening van vrywaarder/wettige ouer of voog**

**ID-nommer**______________________________

**Bylaag B: 2027-visvangtoer**

**Toestemming vir die gebruik van foto's en inligting**

Foto's wat geneem gaan word van deelnemers aan die aksie en geskrewe materiaal geproduseer deur deelnemers aan die 2027-visvangtoer mag gebruik en aangewend word op een van die volgende maniere:

- Om rekord te hou van die aktiwiteite van hierdie 2027-visvangtoer.
- Om as 'n fotofokuspunt te gebruik vir die evaluasie van 'n aktiwiteit.
- Om aan te wend vir bemarkingsdoeleindes.

Geen name van individue of enige informasie van daardie individu of groep sal verskaf en/of beskikbaar gestel word deur die ATKV of sy verteenwoordiger nie.

Die ATKV behou hom die reg voor om die openbaarmaking van foto's te weier indien die ATKV hierdie weiering sien as nie in die beste belange van die kind te wees nie. Die foto's en geskrewe materiaal sal nie verkoop of vrygestel word nie. Die foto's en/of geskrewe materiaal sal die eiendom van die ATKV word.

**TOESTEMMING VAN KIND**

Naam van deelnemer: ___________________________________________
Kontaktelefoonnommer: _________________________________________
Groep/skool: _______________________________________
Naam van volwasse fasiliteerder: _____________________________________
Kontaktelefoonnommer: ___________________________________________

Hiermee gee ek toestemming dat foto's van my geneem kan word en ek gee my toestemming dat die foto's, en ook kunswerke en geskrewe materiaal deur my gebruik kan word soos hierbo.

Geteken: _______________________________ Datum: __________________

OF:

Ek gee nie toestemming dat foto's van my geneem kan word en gebruik kan word op die manier wat hierbo beskryf word nie.

Geteken: _______________________________ Datum: _________________

TOESTEMMING VAN VRYWAARDER/WETTIGE OUER/VOOG:

Ek gee toestemming dat foto's van my kind (naam) _________________________
geneem kan word en ek gee my toestemming dat die foto's, en ook kunswerke en geskrewe materiaal deur my kind, gebruik kan word soos hierbo.

GETEKEN IN ___________________ OP HIERDIE ________ DAG VAN __________ 2027.

___________________________________________ ___________________

**Handtekening van vrywaarder/wettige ouer of voog**

**ID-nommer**_____________________________________